VIND LIG IN DIE DIGI-TONNEL

HUIS genoot 101

As deel van Huisgenoot se 101ste bestaansjaar help ons lesers sin maak van aktuele gebeure. Vandeesweek: 'n Steekproef wat pas uitgereik is, wys die jeug is wêreldwyd neerslagtig. Hoe kan ouers help?

Deur **PIETER VAN ZYL**

HULLE is bloedjonk, maar klaar swartgallig. "Die wêreld is in sy kanon in," reken 'n seun van net 13. "Ek sien nie vir myself 'n toekoms in hierdie land nie," klink die verdoemende woorde uit 'n ander tiener se mond op.

Dit sal menige ouer laat terugdeins om kinders op die drumpel van die lewe so te hoor praat wanneer hulle veronderstel is om die toekoms vol drome en verwagtings tegemoet te gaan.

Die jeugdige optimisme waarvan altyd gepraat word, het nou plek gemaak vir neerslagtigheid by die sogenaamde Generasie Z, die eerste geslag wat volledig in die digitale era grootword. Die meeste kenners meen Generasie Z is jong mense wat nou tussen 10 en 18 jaar oud is; ander verskil en sluit selfs 20-jariges in.

'n Nuwe wêreldwye peiling deur die Varkey-stigting, 'n welsynorganisasie vir beter opvoeding, toon aan amper die helfte van jong mense in Suid-Afrika (48 persent) dink die wêreld raak 'n slegter plek, terwyl net 15 persent dink dit verbeter. In Frankryk, Italië en Turkye is lede van die Z-generasie nog mismoediger oor die stand van sake in die wêreld as die jong Suid-Afrikaners.

Die Varkey-peiling getiteld Generation Z: Global Citizenship Survey is in 20 lande gedoen om die menings van tieners en jong volwassenes te peil wat tussen 1995 en 2001 gebore is.

Sowat een uit drie Suid-Afrikaanse jeugdiges (32 persent) dink ons land is 'n goeie plek om in te woon. Net jong Suid-Koreane hul land laer aangeslaan.

"Generasie Z is die eerste generasie wat grootword in die era van slimfone. Baie kan nie die tyd voor die sosiale media onthou nie," het die gesaghebbende The New York Times in September 2015 oor hierdie generasie geskryf.

En juis omdat hulle met die druk van 'n knoppie op die hoogte kan bly van alles wat wêreldwyd gebeur, stem dit hulle depressief.

"Ek dink nie ons as ouers kan ons kinders oortuig die wêreld is 'n veilige, goeie plek nie. Hulle sien elke dag getuienis van moord en doodslag in hul land sowel as oor die wêreld heen," sê Marita Rademeyer, 'n kliniese sielkundige by die Kindertraumakliniek in Gauteng en ma van twee kinders (onderskeidelik 21 en 19 jaar).

Tieners deesdae weet ook presies "hoe ons spesie die planeet en mekaar verniel," meen Marita. "Hul swartgalligheid is 'n realistiese persepsie. Dis juis goed dat hulle kan raaksien hoe vorige generasies drooggemaak het en ontevrede is daarmee. Anders sal hul generasie net ons foute vorentoe neem."

Tog moet ouers ook besef hul eie swartgalligheid kan hul kinders beïnvloed, voeg sy by. "Waaroor gesels ons om die braaivleisvuur? Hoe praat ons met ons kinders oor hul toekoms? Laat ons hulle moedeloos of bemagtig voel? Gee ons hulle die boodskap dat hulle maar kan boedel oorgee, of dat elke mens 'n verskil kan maak?"

'n Groot meerderheid – 89 persent – van die jong mense wat wêreldwyd aan die peiling deelgeneem het, sê juis hulle voel hul ouers help hul waardes vorm. En twee uit drie wil graag 'n bydrae tot die samelewing lewer.

Dit is genoeg om jonk en oud meer optimisties te laat voel.

KINDERS wat lid is van die Z-generasie wil alles wat hulle sien en hoor self verken, ontleed en ondersoek, sê Annie Raman, kreatiewe direkteur van The Fort Group in Johannesburg. Hulle doen navorsing oor verskillende generasies om handelsmerke op die regte manier aan teikenmarkte te bemark.

Ouers moet jong mense laat voel hulle kan enigiets vermag; anders kan hulle hul potensiaal belemmer, voeg sy by.

Moet ook nie soos 'n helikopter-ouer heeltyd oor jou kinders se kop hang en hul doen en late dophou of hulle gedurig vertel hoe oulik hulle is nie, maan Nadia Lerm, 'n strateeg by FusionDesign, 'n sakeontwikkelingsdiens in Kaapstad. Anders gaan hulle daar buite sukkel om konstruktiewe kritiek te hanteer, ook in die werkplek.

"Laat jou kind toe om te droom, selfs al wil hy op vyf eendag 'n plaas hê en dan weer op 10 in Duitsland karre ontwerp. Moenie sê: 'Jy gaan nie geld maak nie.' Fantaseer saam," sê Nadia. "Moedig hulle aan om goed te vaar op skool sodat hulle hul doel kan bereik."

Generasie Z wil met ander saamwerk tot voordeel van soveel moontlik mense, sê Allison O'Keefe Wright, besturende direkteur van strategie by die Amerikaanse navorsingsdiens Open Mind Strategy. Hulle het 'n kultuur van entrepreneurskap en wil produkte vervaardig of help vervaardig.

Ouers moet hul kinders nie in 'n sekere rigting dwing, soos om vir die een of ander beroep te gaan studeer nie. Weens die tekort aan werkgeleenthede gaan die jonger geslag se enigste opsie heel moontlik wees om as entrepreneur met hul eie onderneming te begin.

Maar Generasie Z is ook meer sinies as vorige generasies weens alles wat hulle beleef het, meen Allison, soos terreur, die wêreldwye resessie en mense wat hul werk verloor.

Generasie Z weet die wêreld is nie so 'n wonderlike plek nie, maar hulle bedink planne om dit verbeter. Hulle het 'n maatskaplike verantwoordelikheidsin en wil knelpunte pak, soos klimaatsverandering, geweld teen vroue en kinders en diskriminasie teen byvoorbeeld die gay en transgender gemeenskap. Dit kan gebeur dat hul betrokkenheid by sulke kwessies hul pessimisme aanvuur.

Ouers kan help om hulle bewus te maak van die oorwinnings en misluk-

GALLO IMAGES/GETTY IMAGES

kings van ander bekende aktiviste. Dié wat nie self polities aktief is nie, kan mense in hul gemeenskap opsoek wat sulke bemoedigende stories vir hul kinders kan vertel, sê prof. Sharlene Swartz, navorsingsdirekteur van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en 'n sosiologiedosent aan die Universiteit van Kaapstad.

Dit lyk of die Z-generasie meer realisties en pragmaties is as die Millenniërs, oftewel generasie Y, wat tussen 1980 en 1995 gebore is, meen Dion Chang, 'n neigingontleder by Flux Trends in Johannesburg. Terwyl baie Millenniërs geleer is hulle moet alles bereik, is daar by Generasie Z 'n ingesteldheid van "wanneer ek misluk, wil ek daaruit leer". Hulle dra dan ook mislukking as 'n "ereteken".

Die dinge wat in hul ouers se kinderjare as die norm beskou is, kan Generasie Z 'n voorsprong gee as hulle oor daardie eienskappe beskik, sê Andró Griessel, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en besturende direkteur van ProVérte Wealth and Risk Management in Johannesburg.

"Wanneer ek 'n jong mens (tussen 18 en 30) teëkom wat respek het vir ander mense, nie glo hy of sy is die belangrikste mens op aarde nie, behoorlik kan lees en skryf (nie soos hulle in die sosiale media aangaan nie) en bereid is om langer as agt uur per dag te werk sonder om opgehemel te word daaroor, sal ek so iemand amper onmiddellik aanstel."

Generasie Z'ers het grootgeword met onmiddellike bevrediging: SMS'e, flieks wanneer en waarop hulle dit wil kyk, en aanlyn uitsendings van wat nou iewers op die aardbol gebeur.

Ouers moet hul kinders geduld leer, en dat nie alles in die lewe so maklik en vinnig gebeur nie, want dit dra by tot neerslagtigheid. Dis die raad van Rakhi Beekrum, 'n Durbanse sielkundige verbonde aan die eThekwini-hospitaal-en-hartsentrum.

'n Veranderende wêreld bring opwindende nuwe loopbaanmoontlikhede waaroor julle saam opgewonde kan raak deur te verken hoe jy byvoorbeeld in die robotbedryf betrokke kan raak.

Wat is volgende? Kinders wat ná 2010 gebore word, sal Generasie Alfa genoem word, sê Allison. Sy voorspel hulle sal hopelik die balans vind tussen die oormatige gebruik van digitale tegnologie en interaksie van aangesig tot aangesig wat hulle minder afgesonder sal laat voel. ■

EKSTRA BRONNE: PSYCHOLOGYTODAY.COM, STATSSA.GOV.ZA, NETWERK24.COM, VARKEYFOUNDATION.ORG, FORT.CO/GENERATION-ME-AN-EXPLORATION-OF-SA-YOUTH-CULTURE

HUIS genoot 101

In Huisgenoot se 101ste jaar kyk ons elke week terug na gebeure wat mense laat regop sit het.

DIÉ WEEK IN DIE GESKIEDENIS

2 MAART 1933: DIE KING KONG-FENOMEEN WORD GEBORE
Die reusagtige gorilla wat as die "agtste wonder van die wêreld" bekendgestel word, maak in New York in die fliek King Kong sy debuut op die silwerdoek. Kaartjies kos 35 en 75 sent, maar die fliek is so gewild dat dit binne vier dae 'n allemintige $89 931 laat inrol – en dit net in New York. Vandag is dié kwaai ou mensaap steeds een van die gewildste rolprentikone. Daar is juis vanjaar 'n nuwe fliek oor hom, Kong: Skull Island.

2 MAART 1983: DIE DIGITALE-KLANK-REVOLUSIE WORD INGELUI
CD's en CD-spelers word vir die eerste keer in Amerika en Europa uitgereik nadat dit 'n jaar vroeër net in Japan beskikbaar was. Teen 2007 is 200 biljoen CD's al wêreldwyd verkoop.

3 MAART 1966: KLEUR-TV OP PAD
Die Britse nasionale uitsaaier, die BBC, kondig planne aan om die volgende jaar televisieprogramme in kleur uit te saai. Brittanje sou hiermee die eerste land in Europa word wat nie meer programme in swart en wit uitsaai nie, maar in kleur.

8 MAART 2014: VLUG 370 VERDWYN
Terwyl vlug 370 van Malaysia Airlines van Kuala Lumpur, Maleisië, onderweg is na Beijing, China, verdwyn dit spoorloos. Daar was altesaam 227 passasiers en 12 bemanningslede aan boord. Die vliegtuig is steeds soek.

BRONNE: NEWS.BBC.CO.UK, SAHISTORY.ORG.ZA, WIKIPEDIA.ORG, MENTALFLOSS.COM, ONTHISDAY.COM